

**Saterdag 2 Junie**

**Skrifgedeelte: Esra 2:1-69**

**Fokusgedeelte: Esra 2:68-69**

## Die Here verlos en seën sy volk elke dag

Wat is die doel van geslagsregisters in die Bybel? Elkeen het sy eie doel, maar hier in Esra 2 wil die Here aan die nageslag bewys dat Hy 'n Verbondsgod is, dat Hy bereid is om te verlos en sy volk te seën.

Hierdie volk was vir 70 jaar in ballingskap, en ná al die jare was daar selfs vrae by die volk of die Here hulle vergeet het (Jes. 40:27 ev.). Dit terwyl die Here reeds in Jesaja 10:22 die belofte gemaak het dat hierdie volk sal terugkom.

Esra 2 handel oor elke familie, elke geslag, elke priester wat in ballingskap behoue gebly het en wat die Here laat terugkeer het. Al het dit beteken dat dit die volgende geslag was. Die totale word in vers 64 gegee. Miskien nie so baie in getal nie, maar baie in ver-gelyking met byvoorbeeld die Tien Stammeryk waarvan daar nie een kon terugkeer nie. Hierdie was die eerste en enigste volk wat uit ballingskap in die geskiedenis van die des-tydse wêreld teruggekeer het.

Hierdeur wys die Here dat Hy sy beloftes nakom. Hy is getrou aan sy verbond en seën sy volk deurdat hulle na hulle land kon terugkom. Daar is selfs dié wat bereidwillig is om 'n bydrae te maak sodat hulle met die bou van die tempel kon begin.

In die lewe vandag kom die Here en skenk verlossing aan ons deur sy Seun, Jesus Christus. Ons word volgens Romeine 11:5 gesien as deel van die oorblyfsel wat die Here uitverkies het. Ons is deel van sy volk aan wie Hy die geleentheid gegee het dat ons name in die Boek van die Lewe geskryf mag word.

Met die koms van Christus sal die Boek oopgemaak word en die geslagte se name gelees word, omdat ons kinders van die Here is: uitverkies en deel van sy verbond.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Ds. Neville Boy (Thabazimbi)*